7 Ark Blitz

Ons wonder saam:

1. Ek wonder hoe dit voel om alleen in die donker, waar niks is nie, te wees.
2. Ek wonder hoe jy voel oor wat God gemaak het.
3. Ek wonder wat jy anders sou gedoen het as jy alles moes maak.

God se Coolste plan - SKEPPING

Maats lees Gen 1 uit die Bybel@kinders

In hierdie ontmoeting wil ons die kinders die geleentheid gee om te besef hoe ongelooflik God alles gemaak het. Ons vat hulle dag vir dag deur die skeppings verhaal en stop net voor die skepping van die mens.

Kinders word stil en gaan lê op die mat/gras, maak hulle oë toe en luister na geluide om hulle of na 'n CD met natuurgeluide Terwyl die kinders nog met toe oë lê en luister, begin die groepleier met die kinders praat: "God het alles gemaak. Hy het vir my en vir jou ook gemaak. Hy het my baie lief. Hy het sy asem in my geblaas." (Haal drie keer diep asem en blaas dit stadig uit.)

In die begin van die Bybel (Die Bybel @kinders - Gen 1:1,2) lees ons: "Heel aan die begin was net God daar. Toe het Hy die hemel en die aarde gemaak. Sommer net so, uit niks! Maar niemand kon nog op die aarde bly nie. Daar was net wa-ter op die aarde. Dit was baie donker. Nogtans was God daar, al het die aarde ook hoe woes gelyk! Toe het God alles begin maak." Kinders sit regop en kyk vir groepleier. (Haal jou hulpmiddel uit wat vooraf voorberei en met 'n strikkie toegebind is om soos 'n geskenk te lyk). 1.Kom ons kyk watter geskenk het God vir ons gemaak. **2. Eerste dag (Genesis 1:3-5)** God het gesê: "Daar moet lig wees!" (Vou die eerste kwadrant van die hulpmiddel na links.) En die oomblik toe God dit gesê het, was daar lig. God het van die lig gehou.

3. (Vou die regterkantste kwadrant oop – duisternis/donkerte). Daarom het Hy die lig en die donker van mekaar geskei. Die lig het Hy dag genoem en die donker het Hy nag genoem.

4. Tweede dag (Genesis 1:6-8)God het gesê: "Ek wil die hemel en die aarde van mekaar skei." Partykeer kom daar mos water van bo af, dan reën dit. **5.** (Vou die derde kwadrant van die hulpmiddel na bo. Dis die ligblou lug. Plak 'n prentjie van wolkies op die blou gedeelte.)

6 Partykeer borrel die water sommer so uit die grond uit. Dan is daar 'n fontein. (Maak die vierde kwadrant van die hulpmiddel oop na ondertoe. Dit is 'n donkerblou gedeelte.) Dit is God wat hierdie twee soorte water van mekaar geskei het. So het God die hemel daarbo en die aarde hieronder gemaak.

7 Derde dag (Genesis 1:9-13) Op die aarde was daar nog steeds net water. Daar was geen droë grond nie. Toe het God gesê: "Ek wil hê al die water op aarde moet op een plek bymekaar kom sodat daar ook droë grond kan wees." Dit het dadelik gebeur. (Skuif die blou blokkie wat in die middel neergesit was, af na die water gedeelte toe, sodat die bruin blokkie – land – wys). God het die droë grond land genoem. Die klomp water het Hy see genoem. Dit was vir God mooi dat daar 'n see en 'n land was.

8 Toe het God gesê: "Nou kan daar allerhande plante groei. Plante soos gras, bosse wat sade gee en allerhande soorte bome." (Plak op die land prente van gras, bome en plante.) Dit het toe ook gebeur. Allerhande plante het begin opkom. Die aarde was vir God mooi.

9 Vierde dag (Genesis 1:14-19) (Deel die prentjies wat opgeplak moet word, tussen die kinders uit en roep hulle vorentoe soos die prentjies benodig word.)
Toe het God gesê: "Daar moet 'n son, maan en sterre in die hemel wees. Hulle kan lig gee op die aarde. Dan kan 'n mens duidelik sien wanneer is dit dag en nag. Boonop help hulle om te weet wanneer is dit somer en winter." God het toe die son ge-maak. Dit gee in die dag lig. (Plak 'n prent van die son op die 'lig' kant.) God het ook die maan en die sterre gemaak. Hulle gee in die nag lig. (Plak 'n maan en sterre op die donker/nag gedeelte.) Die hemel was nou ook vir God mooi.

10 Vyfde dag (Genesis 1:20-23)Daarna het God gesê: "In die see moet daar baie soorte visse wees. (Plak prente van visse in die water.) Voëls moet oor die aarde vlieg." (Plak prente van voëls op die lug.) God het groot seediere gemaak en sommer baie soorte visse. Hy het ook verskillende soorte voëls gemaak. Alles wat Hy gemaak het, was vir Hom mooi. Hy het vir die voëls en die visse gesê: "Julle moet kleintjies kry en baie word. Daar moet sommer baie visse in die see wees en baie soorte voëls op die land." Hulle was vir Hom mooi en goed.

11 Sesde dag (Genesis 1:24-25) God het gesê: "Daar moet diere op die aarde wees, sommer baie soorte. Diere soos insekte en mak diere en wilde diere." (Kry prente van diere en plak hulle op die land gedeelte in die middel van die hulpmiddel. Die diere gaan ook later in ander lesse gebruik word, maak dus moeite om hulle netjies voor te berei; dit gaan jou tyd spaar met die volgende lesse.) God het al hierdie soorte diere gemaak. Hulle was vir Hom mooi.